afgelope 24 uur doen. Die skip helt nie meer as 10° oor na die kant toe nie – soos verlede keer, dog skommel geweldig op en af. Hy is kort, en sy natuurlik oor elke brander. Dikwels spat die skuim so groot oor die boeg dat mens totaal niks voor jou kan sien nie.

Omtrent almal het. 2 P.W.P. onrus makee niks nie – 'n paar belyse, ek, en keer ook vir 'n lang ruk. Na aandete het ons gefliek, en het ek in die rookkamer gekuier en lees. Was alleen vir 'n baie lang ruk. Chris en Bob is darem ook op. Vir 'n lang ruk was ek stoksiel alleen, dog 2 belye het later bygekom. Ek het so ampier 12 middag in die bed gebly, bietjie deur 'n paar koerante geblaai, en voel heel raak.

Ek het vandag niks gerook nie, en het 2 suurlemoene ge-eet. Kan ek glo ek geweldig baie.

Woensdag 25 Feb. 1970

NK 1 Kaapstad 12 25 05202

MESSAGE FORM

Alphie Grobler RSA ZSC

Baie voor spoedige reis baie liefde en verlange Rina

59°32'S
01° 43'O.
Tot. myle – 672. Vir dag – 122 myl.
Weg oor 1703.
Gem – 5 knope.

Vanmôre weer vir ontbyt opgestaan - en 'n lekker gestort. Ons kan nou elke dag afla stort - en ek maak gebruik daarvan.

Baie dankie vir jou brief - ek wonder of jy dit deur R.S.A. toe gestuur het - of Kaapse tel, en vanwaar af.

Vannag het ek so-so geslaap. Die weer het algaande verbeter - sodat ons dit heelwat meer aangenaam as gister. Dit was nog bewolk, en redelik koel. Die water-temp was 0.5°C. Ons het heelwat verweerde ysberge ook gesien - seker die laaste klomp op die reis.

Van na middagete geslaap tot ek met Danie gesels het. Ek het verwag dat Piet ook sal op frekwensie wees - dog niks van hom gehoor nie.

Na aandete het ek weer gaan lê en slaap tot 12 mid.nag. Van toe af tot ± 4vm. het ek gelê en koerante lees - van die wat jy vir my gestuur het. Daar is omtrent nog so 4 wat ek moet lees - en dan wil ek met die Cars begin.

Ek het Maandagaand met Ken (25209) gesels, en Daantjie + Joan was ook daar. Hy het vir Daantjie ook laat gesels. Ek het toe alles i.v.m. die Ortopediese poste met hul bespreek. Daar is 'n Sjire. + Verl. en Onguralle pos beskikbaar - en Daantjie wil met alle geweld net vir my aansoek doen. Ek het hom verseker dat ons definitief daar sal aankom - en hul het slaapplek vir ons. Dit lyk asof Gorden daar begrawe sal word.

Origins verlang ek nou ontsettend baie - en moet eintlik erken dat ek begin

gefrustreerd voel. Wel - dit is nou maar so - en seker heel menslik nè!
Lekker slaap.

Donderdag 26 Feb. 1970.

Ons het darem 173 myl gedoen, met nog 1537 oor en is op 56°41'S en 2°29' Oos. Nog 140 myl van Bouvet af. Almal wil baie graag die eiland sien, dog hul reken dat ons môre-oggend 2 vm daar sal wees - dan is dit pikdonker.

Weer gestort en ontbyt gehad, en toe vir lang rukke buite gestaan en na die voëls gekyk. Baie albatrosse. Ek het 'n paar fotos probeer neem darem.

Ek het 'n skeepstelegram gestuur, en hoop dat jy dit môre sal kry.

Die son-wou-wou vanmôre skyn, en die see is heelwat kalmer. Ons vaar nou sommer baie vinniger ook, en meer gerieflik. Hierdie rollery maak my lekker vaak, en kan ek nie genoeg slaap nie. Die meeste bedlêende ouens is op, en selfs Henry was ook vir 'n ruk in die rookkamer.

In my kajuit het ek A Kiss Before Dying van Ira Levin (Rosemary's Baby) gekry, en begin nou daaraan lees.

Vanmiddag darem so 'n ruk met Davie kon gesels, en hom gevra om jou môre te bel. Ek wens dat ons dan al daar kon wees.

Van na aandete het ek gelees tot 11 nm, en toe het ek op yswag gegaan tot middernag. Die wind het intussen toe opgekom, en waai ontsettend sterk van voor af. Die skip rol nou sommer lekker

Nou ja, nie veel verder. Hoe nader ons kom, hoe minder raak nie nuus, en hoe baasiger raak ek.
Tot slaap.

Vrydag 27 Feb. 1970. Ek het my dag behoorlik omgekry tot en met die skeid. tyd met Daniël. Eintlik het ek nie gedink dat hy jou weer sou bel nie. Dit het nie so goed soos vorige keer gewerk nie. Ek weet nie of jy weer "down" was nie, maar jy het nie vreeslik opgewonde of entoesiasties geklink nie. Seker maar my verbeelding.

12 middag was ons posisie toe 53° 46' S en 4° 23' Oos. Ons het toe 1052 myl gedoen, en moes nog 1350 doen. So - amper halfpad. Gisteraand 4 vm. is ons by Bouvet verby, en kon ons dit net op radar sien. Met die wind het die skip toe ontsettend baie gerol - tot aandete. Van toe af het dit baie beter gegaan. Dit was weer bewolk, met so nou en dan effense sonskyn. Weer 'n klomp voëls agter ons - veral albatrosse.

Ek het die boek klaar gelees - en dit baie geniet.

Die hele aand het 6 van ons canasta gespeel - tot 3:30 vm. - so gaan die tyd ons. Moet hy sê - ons moes ons kalorieë een nuwe aanskryf.

Die "snacks" wat ek gepak het gaan baie goed af. Gisteraand het ons 'n blik ham klaargemaak.

Nie veel meer nuus - verlang

met baie, en hoop om tuis te wees te-
nyl die niks nog vars is.
Lekker slaap!

Saterdag 28 Feb. 1970

Hier ons posisie ens. eers. Was vanmiddag 12 uur 50° 34' S en 7° 23' O. Vir die dag het ons 196 myl gedoen – 'n totaal van 1253 en nog 1118 om te gaan. D.w.s. ná 'n week oor halfpad, en teen 200 myl per dag sal dit ons nog 6 dae neem, en mag ons dan Vrydag in Kaapstad wees. D.w.s. as alles voorspoedig verloop.

Ons is nou in die "Roaring 40's" – en kan ek jou verseker die skip rol baie. Ons het redelik sonskynweer gehad – met weer baie albatrosse agter ons.

In totaal eintlik niks vandag gedoen nie. Ek het eers 2 nm. opgestaan, en toe bank met Piet gerels. My Ma, Pa en Hein en sy familie was almal daar. Hein kan 'n rolle week afkry, wil graag afkom, dog sal seker eers teruggaan, en dan later in die week afkom. Henriette hulle kan glo ook nie afkom nie – moeilikheid met die motor. Hulle sy môre-oggend – my Ma in elk geval.

Met Danie toe ook 'n rukkie gerels, en jou boodskap gekry. Ek hoop maar dat alles voorspoedig verloop. Hy sal jou darem van nou af gereeld seker bel.

Na aandete toe omtrent dadelik weer begin kanasta speel – en tot nou – 2 vm. gespeel. So gaan die tyd om.

Nou gaan ek gou 'n stuk in jou boek lees – en dan maar probeer

slaap. As - ek nie jou D.V. een van die dae
Lekker slaap!

Sondag 1 Maart 1970

Nog 'n maand verby nè. Wel - jy wil my boek lees - met plesier. Dit is eintlik 'n dagboek - en nie so soos joune in briefvorm nie, wat ek geweldig waardeer en geniet het. Hoeveel genot jy uit myne gaan put weet ek regtig nie.

Vandag 12 middag 47° 39' S en 10° 06' O, 205 myl gedoen en nog 913 om te gaan. Die skip het voornag ontsettend baie gerol, met al ons goed later op die vloer.

Ek het laankaas so 'n treurige nag gehad. Ek kon net nie slaap nie - is ± aanmekaar wakker en kon net nie my te kry nie. Ek was tot ontbyt nog wakker, en het eers 6:30 opgestaan, en nog altyd voor goed. Dit was toe ½ uur laat vir hul se skeel, dog ek kon hom darem nog kry. Later ook met Danie gesels, en 'n heel paar ander ouens.

Ek hoop my ma-hulle sy voorspoedig af Kaap toe, en al die ander mense. Zieda sal seker môre daar aankom.

Weer soos gewoonlik Canasta gespeel tot sommer laat - te nou nà 'n lekker start vir joune skryf.

Daar is 'n sterk wind vanaf die W, wat ons nou redelik erg O forseer, en van koers. Ons kan darem nie te erg afgaan nie - solank ons net 200 myl per dag doen, sal ons Dond (Dink ek self) of Vrydag daar aankom. Goeie gedagte nè?

Ek het gisteraand ontsettend baie aan jou gedink - veral wat ons gaan doen. Eintlik wat ek gaan doen. Werk, troue, blyery en sorre. Ag sommer 'n klomp dinge, wat eintlik almal bespreking met

jou weg. Die tyd raak nou so kort - dat ek nie eintlik iets wil bespreek - ek is tog so naby aan jou, dat dit mos maar kan wag.

Goeie nagrus. Vanaand verlang ek sommer lekker baie.

Maandag 2 Maart 1970.

Verlang regtig baie vanaand, en ek is vreeslik ongeduldig om by die huis uit te kom. Dit klink nog so lank na Durb. toe. Die weer was glad nie so goed nie - eintlik maar rof, en vanaand het die wind sterk gewaai.

Daar was middag nog 673 myl oor nà ons 258 myl vir die dag gery het om op 44° 36' S en 16° 23' O te kom.

Vanmôre 7 vm was ek nog wakker en het Barry, Johan en ek nog tee en gesels. Ek het eers 4 nm. opgestaan, bietjie rondgestaan, en toe was dit alweer etenstyd. Daarna met Piet en Danie gesels, en was baie bly om te hoor dat my Ma en Elna veilig gery het tot in die Kaap. Danie moes ook nog 3 ander mense bel om boodskappe oor te dra. Hy is regtig baie gaaf en behulpsaam. Ons wou later weer met hom kontak maak - dog kon nie deurkom nie, dog darem vir Piet weer gehoor.

Na dit toe weer tot vanmôre 3 vm. canasta gespeel, en nog 'n dag om te kry.

Niks ongewoons, en sê ek lekker slaap en môre raak ek haastig.

Dinsdag 3 Maart 1970.

My nagrus was nie juis veel beter as gisteraand nie - alhoewel ek darem

voor middagete op was, en uitkyk maar min geslaap het.

Ons het daarna 250 myl tot by 40°46'S en 17°25'O gedoen, met nog 440 myl oor.

Dit gaan vandag ietwat heelwat stadiger omdat die dyning van voor is, en die wind vanaf die kant (W). Ons behoort daarom nog Donderdag in die Kaap aan te kom, miskien net 'n bietjie later as wat ons oorspronklik gereken het – maar tog.

Wat my ontsettend afpit, is die geringste sweetreuk. Ek weet nie, maar dit klink vir my net asof dit stinkend is. Selfs direk ná ek gestort het, kan ek nog effe sweet ruik.

Ek dra nou al 2 dae kort broek – en ek moet my uit trek nie vries. Vandag het ons darem ingooie 2 uur sonskyn gehad, en baie ouens was buite op die heli-dek. Almal is maar bleek.

Vanaand was ons kontak met Danie uitgewerk omdat Henny (R.S.A. radio-op.) op die brug was – en toe ons kan gesels, was toestande so swak dat ons nie eers met Piet (bygestaan wie ons kon hoor) kon kontak maak nie.

Die bier wat Chris gewen het met sy korrekte voorspelling van die aankomsdatum v/d R.S.A., het hy vanaand uitgedeel, en omtrent almal op die skip was in die rookkamer vir 'n dop.

Lekker, vaak is ek toe bed toe en hoop op 'n goeie nagrus – 11 nm.

Ek lê nou en skryf 3 vm. en is so wakker soos kan kom. Sal later probeer om verder te slaap. Barry en ek, en Johan, het nou al vir meer as 'n uur ook gelê en gesels.

Tot môre – lekker slaap.

Woensdag 4 Mei 1978

Ek het darem later weer aan die slaap geraak, en net na 9 opgestaan. Toe 'n paar goed georganiseer in die kamer en o.a. my canteen rekening betaal R214 – waarvan 180 vir bier ens. is. Die res was kamera benodigdhede. Afdrukpapier ens. films.

Ek het al die lede se adresse gekry, ook Ad Belge sin, en baie inligting oor België ens.

Vanmiddag het Tony almal na die rookkamer genooi vir 'n glasie sjampanje. Moët + Chandon – "blykbaar die beste Franse". Hy het eers 'n heildronk op ons ingestel, toe Henry op hulle, en toe die Kaptein ook op die Belge. Daarna is Tony aan die woord gestel, om die wenner van die baard kompetisie aan te kondig – wat hy baie spannend gedoen het – die wenner was toe Barry.

Direk na dit het ons toe gaan eet, ek het toe vir Bert probeer kontak, dog niks gehoor. Tot nou – 12:30 het ons toe weer canasta gespeel. Nou 'n heerlike stort te en nou in die bed en skryf. Ek hoop ek slaap gou en kan vroeg opstaan.

Ons weer was redelik goed, en het die skip slegs oor die middag baie gerol. Dit het op 'n stadium ook beter geraak. Gister – tot vanmiddag (12 midd) – se afstand was effe teleurstellend 189 myl, wat ons op 37° 56'S en 17° 26'O gebring het met nog 252 myl oor. Ek hoop sodat alles voorspoedig verloop, en ons nie te laat môre daar gaan aankom nie.

Ek voel so effe kriewel-

nig oor môre. Weet nie eintlik wat om te verwag nie. As alles net gou verby verloop sal dit goed wees. In 'n mate is ek effe bang.

Ons vernaam Gordon se ouers sal ook daar wees.

Nogtans – wonderlik om te dink dat ek jou môre weer sal sien. Ek wonder wat vir ons voorlê.

So – aangename nagrus – vir die laaste keer op papier.